Downloaded from www.mycourses.co.za

higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIENRIGLYN

## NASIONALE SERTIFIKAAT

## PUBLIEKE ADMINISTRASIE N5

**2 Oktober 2020**

**Hierdie nasienriglyn bestaan uit 7 bladsye.**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Kopiereg voorbehou

Downloaded from www.mycourses.co.za

## AFDELING A

### VRAAG 1

| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | 1.1.1 | J |
| | 1.1.2 | F |
| | 1.1.3 | L |
| | 1.1.4 | H |
| | 1.1.5 | A |
| | 1.1.6 | M |
| | 1.1.7 | B |
| | 1.1.8 | E |
| | 1.1.9 | C |
| | 1.1.10 | G |

(10 × 2) (20)

| | | |
|---|---|---|
| 1.2 | 1.2.1 | Onwaar |
| | 1.2.2 | Waar |
| | 1.2.3 | Onwaar |
| | 1.2.4 | Onwaar |
| | 1.2.5 | Waar |
| | 1.2.6 | Waar |
| | 1.2.7 | Waar |
| | 1.2.8 | Onwaar |
| | 1.2.9 | Onwaar |
| | 1.2.10 | Waar |

(10 × 2) (20)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING A: 40**

Downloaded from www.mycourses.co.za
Kopiereg voorbehou

Downloaded from www.mycourses.co.za

**AFDELING B**

**VRAAG 2**

2.1

- Omstandighede: Faktore wat gemeenskapslewe beïnvloed, het ook 'n uitwerking op beleide. Sodanige sake kan bevolkingsaanwas, tegnologiese vooruitgang en ekonomiese en sosiale krisisse insluit.
- Die bevolking se behoeftes en verwagtinge: Gemeenskappe plaas druk op die regering uit om in hul behoeftes te voorsien namate hulle van hul behoeftes bewus word.
- Ervare openbare amptenare se navorsing, ondersoeke en beskouings: Navorsingsinstellings gee leiding aan die regering oor die rigting wat hulle oor 'n spesifieke saak moet inslaan. 'n Kommissie of komitee sal aangestel word om navorsing oor die saak te doen en dan met oplossings en aanbevelings vorendag te kom.
- Polities uitvoerende ampsbekleërs se persoonlike beskouings: Ampsbekleërs speel 'n rol in die beïnvloeding van die beleide van instellings wat aan hulle toegewys word deur hulle te adviseer oor watter veranderinge hulle aan die beleide moet aanbring.
- Belangegroepe se aktiwiteite en verteenwoordiging: Talle groepe in Suid-Afrika oefen 'n groot invloed op beleidsvorming uit vanweë die rol wat hulle speel om die mense se belange te verteenwoordig. Hierdie groepe kan by beleidsveranderinge betrokke wees, soos COSATU. Hulle raak by massa-optredes betrokke.
- Politieke partye se beleide: 'n Party wat die verkiesing wen, sal nuwe beleidsveranderinge bekendstel en afdwing. (Enige 6 × 2) (12)

2.2

- Politiekepartybeleid is die hoogste beleidsvlak in die openbare sektor wat die gemeenskapslewe direk beïnvloed.
- Regeringsbeleid is die politiese-implementeringstadium waartydens besluite geneem word oor personeelvoorsiening, finansiering, organisering en werksprosedures.
- Departementele beleid is die administratief uitvoerende implementering van beleid wat hoofsaaklik gemoeid is met die praktiese stappe wat die politiese implementering van die beleid moontlik maak.
- Administratiewe beleid maak vir die bepaling van alle generiese bestuursfunksies voorsiening. (4 × 3) (12)

Downloaded from www.mycourses.co.za
Kopiereg voorbehou

Downloaded from www.mycourses.co.za

2.3
- Bevolking: 'n Groep mense kan 'n beroep op openbare instellings, staatsamptenare en openbare ampsbekleërs doen om in hul behoeftes en verwagting te voorsien.
- Individue: Individue neem aan verkiesings deel deurdat hulle die beleide ondersteun van die party wat oor die vermoë beskik om hul kwellings op te los.
- Belange- of drukgroepe: Hierdie groepe se doel is om hul lede se belange te bevorder in areas waarin hulle belange het. Hul sleutelrol is om beleidsvorming te verbeter deur hul kennis van en insig in spesifieke beleidskwessies aan te bied.
- Polities uitvoerende instellings: Hierdie instellings dien goed nagevorste dokumente in om beleidsveranderinge aan te beveel aan die hand van die begrotingsvoorstelle wat hulle beoordeel.
- Wetgewende instellings: Dit is die hoogste beleidsvormers op elke vlak van die regering.
- Kabinetsekretariaat: Hulle berei die agendas, memorandums en enige ander tersaaklike dokumente voor wat vir beleidsvorming nodig is.
- Presidentsraad: Dit is 'n raadgewende en ondersoekinstelling wat deur die president aangestel word om hom/haar van raad te dien.
- Koerante en ander nuusmedia: Hulle vorm die denke en menings van die publiek en speel ook 'n belangrike rol in die opvoeding van die publiek oor politieke en beleidskwessies.
- Departementele en interdepartementele komitees: Wanneer twee of meer departemente saamwerk, samel hulle feitelike inligting in en ondersoek 'n bepaalde saak.
- Amptenare: Hulle evalueer beleide en stel beleidsveranderinge voor.
- Internasionale instellings: Daar word uitvoering gegee aan beleide oor omgewingsake wat deur internasionale instellings gemaak word.
- Kommissies van ondersoek: Hulle ondersoek en doen aanbevelings oor studies wat oor 'n bepaalde staatskwessie gedoen is.
- Polities uitvoerende ampsbekleërs: Hulle het die laaste sê in die wetgewende en begrotingsvoorstelle en moet alle dokumentasie, wat oor 'n beleidsaak handel, bestudeer en voorberei.
- Sentrale rigtinggewende, navorsings- en koördineringsinstellings: Dit is die staatsdepartemente en navorsingsowerhede wat met die formulering van die beleide in hul belange-areas gemoeid is en hulle implementeer die beleide. (Enige 7 × 2) (14)

2.4 Hierdie term het betrekking op 'n georganiseerde groep wie se oogmerk dit is om openbare of regeringsbeleid te beïnvloed ten einde 'n bepaalde belang of saak te beskerm of te bevorder. (2)

**[40]**

Downloaded from www.mycourses.co.za
Kopiereg voorbehou

Downloaded from www.mycourses.co.za

**VRAAG 3**

3.1
- Hoofbegroting – bestaan uit al die bedryfsuitgawes, kapitaalbestedings en oordragbetalings van elke departement
- Aanvullende begroting – maak voorsiening vir aansuiwerings en wysigings wat nie by die hoofbegroting ingesluit is nie en word aan die einde van die sessie voorgelê
- Bykomende begroting – maak voorsiening vir uitgawes wat nie by die vorige finansiële jaar ingesluit is nie.
- Aanwendingsbegroting – keur die kontinuïteit van dienste goed alvorens die hoofbegroting goedgekeur word. (Enige 3 × 2) (6)

3.2
- Beleidsdokument: Die begroting word as beleidsdokument gebruik omdat die staat se voorgestelde uitgawes daarin weergegee word.
- Werksprogram: Die begroting maak voorsiening vir 'n program van openbare aksie wat 'n belangrike werksdokument vir staatsdienswerkers in alle departemente is.
- Inligtingsbron: Die begroting is nie 'n geheime dokument nie en enige lid van die publiek kan 'n afskrif koop en dit bestudeer.
- Beheerinstrument: Die begroting is die magtigingsdokument vir besteding en word as beheerinstrument ingespan. (4 × 2) (8)

3.3
- Die parlement is 'n instelling met magte om die begroting goed te keur of te verwerp en ondersoek die ouditeur-generaal se verslag.
- Die Staande Komitee vir Staatsrekeninge van die Nasionale Vergadering word deur die parlement aangestel om ondersoek in te stel na die ouditeur-generaal se verslag en om te verseker dat die tesourie staatsfondse op 'n verantwoordelike wyse bestee.
- Die Nasionale Tesourie van Suid-Afrika oefen beheer oor staatsrekeninge uit en koördineer staatsbesteding.
- Die Suid-Afrikaanse Reserwebank is die staat se sentrale bank.
- Die ouditeur-generaal oudit alle staatsrekeninge en doen verslag oor enige verdagte finansiële administrasie aan die parlement.
- Rekeningkundige beamptes is finansiële administrateurs in staatsinstellings.
- Departementele rekenmeesters is opgeleide individue wat vir verantwoording in departemente en daaglikse beheer verantwoordelik is.
- Wetgewers skryf die wette waarin voorgeskryf word hoe staatsfondse ingesamel en bestee moet word. (Enige 8 × 2) (16)

3.4
- Goedgekeurde begrotingsfondse kan nie sonder die nodige magtiging oorskry word nie.
- Goedgekeurde fondse is slegs vir 'n spesifieke finansiële jaar geldig.
- Geld mag slegs gebruik word vir die doel waarvoor dit aangevra is.
- Alle inkomste wat ontvang word, ressorteer onder die president se beheer.
- Alle finansiële voorstelle moet deur die president aanbeveel word alvorens dit aan die parlement voorgelê mag word.
- Geen geld mag sonder parlementswetgewing uit die nasionale-inkomstefonds getrek word nie.
- 'n Begrotingswet kan nie oor enige ander saak as finansies handel nie.
- Alle rekeninge, state, sigwaardedokumente en bewyse kan ondersoek, gekorrigeer en geoudit word. (Enige 5 × 2) (10)

**[40]**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za

**VRAAG 4**

4.1
- Suiwer winsgerigte organisasies/private organisasies: Hulle is met produksie en die maak van wins gemoeid en word deur staatswette beheer.
- Enkeldoelige rade: Hulle is daar vir een doel in die samelewing, naamlik om finansiering van die regering te ontvang om die dienste wat hulle aan die publiek lewer, te laat voortgaan.
- Staatsondernemings of -departemente: Dit is die staatsdepartemente met breë magte wat oor die hele land gedesentraliseer is om dienste aan die publiek te lewer. 'n Minister tree as die hoof van die departement op.
- Kommersiële staatsondernemings, korporasies in staatsbesit, maatskappye in staatsbesit, staatsondernemings of semi-staatsinstellings: Dit is almal ondernemings in staatsbesit wat deur die regering tot stand gebring is om dienste teen 'n koste aan die publiek te lewer aangesien hulle hul self onderhou en self kan versorg.
- Beheerrade: Hierdie gesag bestaan om die staat te beskerm deur beheer oor enige onderneming in 'n bepaalde besigheidsterrein uit te oefen, byvoorbeeld landboubeheerrade, en so meer. (5 × 2) (10)

4.2
- Horisontale verdeling van werk
- Verlening van gesag
- Koördinering van aktiwiteite
- Ordening van kommunikasiekanale
- Instelling van beheermaatreëls (5 × 2) (10)

4.3
- Lynfunksies – omsluit allerhande daaglikse bedryfsaktiwiteite wat op die instelling se doelwitte betrekking het
- Generiese administratiewe funksies – het betrekking op die algemene funksies wat in enige organisasie of instelling uitgevoer word
- Hulpfunksies – het betrekking op die funksies wat verrig word om die funksies in die organisasie of instelling te verbeter of te ondersteun
- Persoonlike en onpersoonlike funksies – spreek vanself
- Instrumentele funksies – het betrekking op die funksies wat nodig is dat die werk goed verrig word en wat 'n amptenaar bemagtig om die werk uit te voer. (Enige 4 × 2) (8)

4.4
- Die toesighouer se bevoegdheid om die werk van elke werknemer te bestuur en daaroor toesig te hou
- Die standaard van die opleiding van ondergeskiktes wat vir hulle nodig is om take selfstandig uit te voer
- Die mate van wisselwerking tussen die toesighouer en die ondergeskiktes asook die intensiteit en gehalte van die werk
- Die mate waarin 'n toesighouer sy/haar volle aandag aan die ondergeskiktes kan skenk
- Die aard van die werk waaroor die toesighouer toesig hou – makliker om soortgelyke tipes werk as uiteenlopende tipes te beheer (6 × 2) (12)

**[40]**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za

**VRAAG 5**

5.1
- Daar is 'n prosedure wat in die personeelhandleidings of -kodes uiteengesit word.
- 'n Amptenaar moet die grief by die direkte toesighouer aanmeld.
- As hierdie persoon die amptenaar nie kan help nie, moet die saak na 'n amptenaar op 'n hoër vlak verwys word.
- Hierdie proses kan herhaal word totdat die klaer die saak by die departementshoof aangee.
- Indien nodig, kan die klaer hom/haar op die Openbare Dienskommissie of op die politieke ampsbekleër in beheer van die instelling beroep. (5 × 2) (10)

5.2
- Ná-vestigingsrekords
- Rekords van poste wat gevul of vakant is
- Verlofrekords
- Rekords van kandidate wat na werk soek
- Aftreerekords
- Korrespondensielêers
- Persoonlike lêers van individuele amptenare
- Toepaslike wette, regulasies, prosedurehandleidings, kodes, omsendbriewe, notules of ander instruksies (8 × 2) (16)

5.3
- Heersende ekonomiese toestande
- Die stand van die arbeidsmark
- Maatskaplike en etiese oorwegings
- Vergoedingspeile in die openbare sektor (Enige 3 × 2) (6)

5.4
- Regverdigheid: Salarisse moet redelik en regverdig wees.
- Duidelikheid: Salarisskale moet goed omskryf en duidelik vir al die toepaslike partye wees.
- Omvattendheid: Salarisse moet omvattend wees deurdat dit vir alle posisies en beroepe voorsiening maak en byvoordele insluit soos betaling van oortyd, ongebruikte verlof en siekteverlof.
- Doeltreffendheid: Salarisse moet bevoegde personeel lok en hulle in diens hou.
- Elastisiteit: Salarisse moet aanpasbaar en buigsaam wees om by die omstandighede aan te pas. (Enige 4 × 2) (8)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 160**
**GROOTTOTAAL: 200**

Downloaded from www.mycourses.co.za
Kopiereg voorbehou